

**Sondag 1 November**

**Skrifgedeelte: Daniël 1:1-21**

**Fokusgedeelte: Daniël 1:6-8**

### **Kompromieë maak jou 'n liggewig**

**W**aarskynlik die heel gevaarlikste wapen wat Satan en sy bese magte teen die Here se koninkryksburgers gebruik, is kompromie. In die HAT word die woord “kompromie” onder andere verklaar as: *'n Handeling waarby 'n mens 'n deel van jou beginsels opoffer.*

Toe Daniël en sy vriende uit hulle geboorteland na die heidense stad Babel weggevoer is, beland hulle in die koning se paleis. Om tussen al hulle volksgenote uitgekies te word vir verdere opleiding en toerusting, was uiteraard 'n eer en voorreg. Daarmee saam kom boonop oordadige kos en 'n swierige leefstyl in die paleis. Wat meer kan 'n mens se hart begeer?

Hierin lê egter juis die vangplek: die slinkse aanslag van die Bese behels toe ook 'n naamsverandering as basis vir 'n nuwe identiteit en gepaardgaande nuwe kultuur, met ander woorde 'n wegbeweeg van hulle beginsels. Hier moes hulle belangrike keuses maak, keuses wat hulle toekoms ingrypend sou verander. Sou hulle ter wille van 'n moontlike “goeie toekoms” kompromieë moet aangaan?

Die probleem met 'n kompromie is dat dit jou dwing om afstand te doen van die vaste grond waarop jy staan. Jy beland uiteindelik in die dryfsand van onsekerheid. Daniël en sy vriende gebruik egter fyn diplomatie om by hulle beginsels te staan. Hulle vergryp hulle nie aan die verleiding tot 'n uitspattige en selfgesentreerde leefstyl nie, maar bly getrou aan die Here hulle God.

Ek en jy kan in die hedendaagse wêreld net getrou bly as ons wegbly van kompromieë af. Ons staan immers op die Rots Jesus Christus. As ons aan Hom, die lewende Woord, getrou bly, sal ons geanker bly en nie gewigloos wegdryf nie. Waar is jou en my swaartepunt?

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 2, 3*

*Dr. DJ de Kock (Danie) (Emeritus)*